

Argief.

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE



TGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Dinsdag 15 September 1970

WINDHOEK

Tuesday 15 September 1970

No. 3108

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

ROKLAMASIES:—

- No. 78 Plaaspad, Distrikte Windhoek en Karibib: Verhoging in Status van
- No. 79 Distrikspaaie en Plaaspad, Distrik Windhoek: Proklamering en Sluiting van
- No. 80 Munisipaliteit Windhoek (Uitbreiding I, Khomasdal): Wysiging van Stigtingsvoorwaardes
- No. 81 Plaaspaai, Distrik Okahandja: Sluiting, Verlegging en Hernommering van

PROCLAMATIONS:

- Farm Road, Districts of Windhoek and Karibib: Raising in Status of 1158
- District Roads and Farm Road, District of Windhoek: Proclamation and Closing of 1158
- Municipality of Windhoek (Extension I, Khomasdal): Amendment of Conditions of Establishment 1159
- Farm Roads, District of Okahandja: Closing, Deviation and Renumbering of 1159

BOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- No. 128 Ordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes 1939: Wysiging van Openings- en Sluitingsure, Otavi
- No. 129 Munisipaliteit Otavi: Inboorlingbehuising: Wysiging
- No. R.1401 (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae I (No. 1/1/30)
- No. R.1402 (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/235)
- No. R.1403 (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/236)
- No. R.1404 (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 4 (No. 4/66)
- No. R.1412 (Republiek) Handelskeepvaartwet 1951: Goedkeuring van 'n Organisasie
- No. R.1424 (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae I (No. 1/3/3)
- No. 1459 (Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Aanstelling van Lid

GOVERNMENT NOTICES:

- Shop Hours and Shop Assistants Ordinance, 1939: Amendment of Opening and Closing Hours, Otavi 1160
- Municipality of Otavi: Native Housing Levy: Amendment 1160
- (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule I (No. 1/1/30) 1161
- (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/235) 1166
- (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/236) 1167
- (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 4 (No. 4/66) 1169
- (Republic) Merchant Shipping Act, 1951: Approval of an Organisation 1170
- (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/3/3) 1170
- (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Appointment of Member 1171

ALGEMENE KENNISGEWING:

- No. 52 „Crown Land Disposal Ordinance, 1903” (Transvaal): Kansellasië van Sertifikaat van Reservasie 23 van 1930

GENERAL NOTICE:

- Crown Land Disposal Ordinance, 1903 (Transvaal): Cancellation of Certificate of Reservation 23 of 1930 1171

ADVERTENSIES:

ADVERTISEMENTS: 1172

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIRK FREDERIK MUDGE, WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN SUIDWESAFRIKA.

No. 78 van 1970.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat —

die status van plaaspad 1980 verhoog word na dié van distrikspad met nommer 1980 van 'n punt op grootpad 52 op die noordelike grens van die plaas Anschluss 112 in die distrik Karibib algemeen suid-suidooswaarts oor die plase Anschluss 112 en Blomthal 17 tot by 'n punt op die suidelike grens van laasgenoemde plaas; vandaar in die distrik Windhoek oor die plase Quabis 2, Gedeelte 1 genoem Tweespruit van Quabis 2 en Changaans 3 tot by 'n punt op laasgenoemde plaas; vandaar algemeen suidooswaarts oor die plase Changaans 3 en Niedersachsen 4 om aan te sluit by distrikspad 1982 op laasgenoemde plaas.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 28ste dag van Julie 1970.

D. F. MUDGE,
Waarnemende Administrateur

PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWESAFRIKA.

No. 79 van 1970.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat 'n gedeelte van die pad in die distrik Windhoek soos beskryf in bylae 1 hiervan, gesluit word en die paaie beskryf in bylae 2 in die distrik Windhoek distrikspaaie word.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 15de dag van Julie 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrateur

BYLAE 1.*Beskrywing van pad.*

Die pad beskryf as plaaspad 1521 in Proklamasie 35 van 1961.

Geslote gedeelte.

Van die aansluiting met distrikspad 1958 op die plaas Khomaskop 354 algemeen oos- en noordwaarts oor die plase Khomaskop 354 en Kaliber 335, tot by 'n punt op laasgenoemde plaas.

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE DIRK FREDERIK MUDGE, ACTING ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 78 of 1970.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that —

the status of farm road 1980 be raised to that of district road with number 1980 from a point on main road 52 on the northern boundary of the farm Anschluss 112 in the district of Karibib generally south-southeastwards across the farms Anschluss 112 and Blomthal 17 to a point on the southern boundary of the last-mentioned farm; thence in the district of Windhoek across the farms Quabis 2, Portion 1, called Tweespruit of Quabis 2 and Changaans 3 to a point on the last-mentioned farm; thence generally southeastwards across the farms Changaans 3 and Niedersachsen 4 to connect with district road 1982 on the last-mentioned farm.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 28th day of July 1970.

D. F. MUDGE,
Acting Administrator

PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 79 of 1970.]

Under and by virtue of the powers vested in me by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that a portion of the road in the Windhoek district as described in schedule 1 hereof, shall be closed and the roads described in schedule 2 in the Windhoek district shall be district roads.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 15th day of July, 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrator

SCHEDULE 1.*Description of road.*

The road described as farm road 1521 in Proclamation 35 of 1961.

Portion closed.

From the junction with district road 1958 on the farm Khomaskop 354 generally east- and northwards across the farms Khomaskop 354 and Kaliber 335, to a point on the last-mentioned farm.

BYLAE 2.

Distrikspad 1504.

Van distrikspad 1420 op die plaas Khomaskop 354 algemeen weswaarts oor die plaas Khomaskop 354 om aan te sluit by distrikspad 1958 op genoemde plaas.

Distrikspad 1489.

Van distrikspad 1504 op die plaas Khomaskop 354 algemeen noord- en weswaarts oor die plaas Khomaskop 354, Kaliber 335 en Khomaskop 354 om aan te sluit by distrikspad 1958 op laasgenoemde plaas.

SCHEDULE 2.

District road 1504.

From district road 1420 on the farm Khomaskop 354 generally westwards across the farm Khomaskop 354 to connect with district road 1958 on the said farm.

District road 1489.

From district road 1504 on the farm Khomaskop 354 generally north- and westwards across the farms Khomaskop 354, Kaliber 335 and Khomaskop 354 to connect with district road 1958 on the last-mentioned farm.

No. 80 van 1970.]

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig, verklaar ek hierby dat Proklamasie 81 van 1964 soos volg gewysig word:

Deur die vervanging van die syfer „4454” waar dit voorkom in paragraaf 4 (g) deur „4453” en die invoeging van „en 4454” by paragraaf 3 (e) na die syfer „4457”.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 2de dag van September 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrateur

No. 80 of 1970.]

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended, I do hereby declare that Proclamation 81 of 1964 shall be amended as follows:

By the substitution for the figure “4454” where it appears in paragraph 4 (g) of “4453” and the insertion of “and 4454” in paragraph 3 (e) after the figure “4457”.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 2nd day of September 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrator

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIRK FREDERIK MUDGE WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 81 van 1970.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat in die distrik Okahandja die pad beskryf in bylae I gesluit word, die pad beskryf in bylae II 'n nuwe gedeelte van plaaspad 2117 word en die pad beskryf in bylae III, plaaspad 2140 word.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 19de dag van Augustus 1970.

D. F. MUDGE,
Waarnemende Administrateur

BYLAE I.

Beskrywing van pad.

Die pad beskryf as plaaspad 2117 in bylae III van Proklamasie 5 van 1954.

Gedeelte gesluit.

Van 'n punt op die gemeenskaplike grens van die plase Okakuya 161 en Okampuma 165 algemeen suidwaarts oor die plaas Okakuya 161 tot waar dit aansluit by distrikspad 2116 op laasgenoemde plaas.

BYLAE II.

Nuwe gedeelte van plaaspad 2117.

Van 'n punt op plaaspad 2117 net noord van die uidelike grens van die plaas Okampuma 165 algemeen ooswaarts oor die plaas Okampuma 165 tot waar dit aansluit by distrikspad 2116 op genoemde plaas.

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE DIRK FREDERIK MUDGE ACTING ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 81 of 1970.]

Under and by virtue of the powers vested in me by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that in the Okahandja district the road described in schedule I shall be closed, the road described in schedule II shall be a new portion of farm road 2117 and the road described in schedule III shall be farm road 2140.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 19th day of August 1970.

D. F. MUDGE,
Acting Administrator

SCHEDULE I.

Description of road.

The road described as farm road 2117 in schedule III of Proclamation 5 of 1954.

Portion closed.

From a point on the common boundary of the farms Okakuya 161 and Okampuma 165 generally southwards across the farm Okakuya 161 to where it connects with district road 2116 on the last-mentioned farm.

SCHEDULE II.

New portion of farm road 2117.

From a point on farm road 2117 immediately north of the southern boundary of the farm Okampuma 165 generally eastwards across the farm Okampuma 165 to where it connects with district road 2116 on the said farm.

BYLAE III.

Gedeelte van plaaspad 2117 wat hernommer word as plaaspad 2140.

Van 'n punt op distrikspad 2116 op die plaas Okakuya 161 algemeen suidooswaarts oor die plase Okakuya 161, Gedeelte 1 (genoem Sonskyn) van Okakuya 161, Oukongo 156, Sparenberg 155 en Milanda 154 tot waar dit aansluit by distrikspad 2125 op laasgenoemde plaas..

SCHEDULE III.

Portion of farm road 2117 which is renumbered farm road 2140.

From a point on district road 2116 on the farm Okakuya 161 generally southeastwards across the farms Okakuya 161, Portion 1 (called Sonskyn) of Okakuya 161, Oukongo 156, Sparenberg 155 and Milanda 154 to where it connects with district road 2125 on the last-mentioned farm.

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 128.] [15 September 1970

ORDONNANSIE OP WINKELURE EN WINKEL-BEDIENDES.

WYSIGING VAN DIE OPENINGS- EN SLUITINGSURE VAN WINKELS IN OTAVI.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by Artikel 3 (2) van die Ordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes 1939 (Ordonnansie 15 van 1939) soos gewysig, die openings- en sluitingsure voorgeskryf by artikel 3 (1) van genoemde Ordonnansie ten opsigte van die gebied wat binne die regsgebied van die Munisipaliteit van Otavi val, maar uitsluitende die Otavi se Naturellelokasie, te wysig om dwarsdeur die jaar soos volg te wees:—

Munisipale Gebied Otavi (Uitsluitende Otavi Naturellelokasie)

	<i>Openingsure</i>	<i>Sluitingsure</i>
Weeksdae, behalwe Saterdag	8.00 vm.	9.00 nm.
Saterdag	8.00 vm.	1.30 nm.

No. 129.] [15 September 1970

MUNISIPALITEIT VAN OTAVI.

Dit behaag die Administrateur om ingevolge die bepalings van artikel 3 (1) (a) van die Ordonnansie Insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising 1961 (Ordonnansie 33 van 1961) paragraaf (ii) van Goewermentskennisgewing 242 van 1962 te wysig deur die syfer „35c” te vervang deur die syfer „50c”.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Acting Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 128.] [15 September 1970

SHOP HOURS AND SHOP ASSISTANTS ORDINANCE.

AMENDMENT OF OPENING AND CLOSING HOURS OF SHOPS AT OTAVI.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section 3 (2) of the Shop Hours and Shop Assistants Ordinance, 1939 (Ordinance 15 of 1939) as amended, to amend the opening and closing hours prescribed by section 3 (1) of the said Ordinance in respect of the area falling within the jurisdiction of the Municipality of Otavi, but excluding the Otavi Native Location, to be throughout the year as follows:

Municipality of Otavi (excluding the Otavi Native Location)

	<i>Opening hours</i>	<i>Closing hours</i>
Weekdays, except Saturdays	8.00 a.m.	9.00 p.m.
Saturdays	8.00 a.m.	1.30 p.m.

No. 129.] [15 September 1970

MUNICIPALITY OF OTAVI.

The Administrator has been pleased in terms of section 3 (1) (a) of the Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961) to amend paragraph (ii) of Government Notice 242 of 1962 by the substitution for the figure “35c” of the figure “50c”.

No. R. 1401 (Republiek.)]

[28 Augustus 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/30).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 —

- (1) wysig hierby Bylae No. 1 by genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon, en
- (2) maak hierby bekend dat die wysiging van Bylae No 1 by genoemde Wet, in Goewermentskennisgewing R. 723 van die tweede dag van Mei 1969 gepubliseer, met ingang van genoemde datum geag word reggestel te gewees het in die mate in die Bylae hiervan aangetoon vir sover die betrekking het op binnebrandkompresie-ontstekingsenjins soos omskryf in Opmerking 10 by Afdeling XVI en Opmerking 8 by Afdeling XVII uitgesonderd die volgende:
 - (a) Vierslag, met anjaer, met 'n kubieke verplasing van meer as 6490 cm³ maar hoogstens 6750 cm³; en
 - (b) Tweeslag, sonder aanjaer, met 'n kubieke verplasing van meer as 4330 cm³ maar hoogstens 4750 cm³.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III Skaal van Reg Algemeen	IV M.B.N.	V Voorkeur
Algemene Opmerking I Deur die uitdrukking „,c.c.’ beteken kubieke sentimeter;” deur die uitdrukking „,c.c.’ of ,cm ³ beteken kubieke sentimeter;” te vervang. Deur die uitdrukking „,rpk’ beteken remperdekrag;” te skrap.				
Afdeling XVI Deur Opmerking 9 deur die volgende te vervang: „9. Die uitdrukking „kubieke verplasing” in hierdie Afdeling beteken die produk verkry deur die vermenigvuldiging van die dwarsdeursneeoppervlakte van die silinderboor met die maksimum lengte van die suierslag en met die getal silinders.				
10. 'n Verwysing in hierdie Afdeling na „kompresie-ontstekingsenjins soos				

No. R. 1401 (Republic.)]

[28 August 1970

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/30).

I, NICOLAAS DIERERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964 —

- (1) hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto, and
- (2) hereby announce that the amendment of Schedule No. 1 to the said Act, published in Government Notice R. 723 of the second day of May, 1969, shall be deemed to have been adjusted, with effect from the said date, to the extent set out in the Schedule hereto in so far as it relates to internal combustion compression ignition engines as defined in Note 10 to Section XVI and Note 8 to Section XVII excluding the following:
 - (a) Four-stroke, not normally aspirated, with a cubic displacement exceeding 6490 cm³ but not exceeding 6750 cm³; and
 - (b) Two-stroke, normally aspirated, with a cubic displacement exceeding 4330 cm³ but not exceeding 4750 cm³.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III Rate of Duty General	IV M.F.N.	V Preferential
General Note I By the substitution for the expression “,c.c.’ means cubic centimetre;” of the expression “,c.c.’ or ,cm ³ means cubic centimetre;”. By the deletion of the expression “,b.h.p.’ means brake horse-power;”.				
Section XVI By the substitution for Note 9 to Section XVI of the following: “9. The expression “cubic displacement” in this section means the product obtained by multiplying the cross-sectional area of the cylinder bore by the maximum length of the piston stroke and by the number of cylinders.				
10. A reference in this Section to “compression ignition engines as defined				

omskryf in Opmerking 10 by hierdie Afdeling" word geag binnebrandkompressie-ontstekingsenjins te wees wat aan een van die volgende beskrywings beantwoord:				in Note 10 to this Section" shall be taken to mean internal combustion compressin ignition engines answering to one of the following descriptions:			
(a) Vierslag, sonder aanjaer, met 'n kubieke verplasing van minstens 5250 cm ³ maar hoogstens 7750 cm ³ ;				(a) Four-stroke, normally aspirated, with a cubic displacement of 5250 cm ³ or more but not exceeding 7750 cm ³ ;			
(b) Vierslag, met aanjaer, met 'n kubieke verplasing van minstens 4600 cm ³ maar hoogstens 6750 cm ³ ;				(b) Four-stroke, not normally aspirated, with a cubic displacement of 4600 cm ³ or more but not exceeding 6750 cm ³ ;			
(c) Tweeslag, sonder aanjaer, met 'n kubieke verplasing van minstens 3250 cm ³ maar hoogstens 4750 cm ³ ; of				(c) Two-stroke, normally aspirated, with a cubic displacement of 3250 cm ³ or more but not exceeding 4750 cm ³ ; or			
(d) Tweeslag, met aanjaer, met 'n kubieke verplasing van minstens 2700 cm ³ maar hoogstens 4100 cm ³ "				(d) Two-stroke, not normally aspirated with a cubic displacement of 2700 cm ³ or more but not exceeding 4100 cm ³ ."			
84.06 Deur subposte Nos. 84.06.40, 84.06.60 en 84.06.70 deur die volgende te vervang:				84.06 By the substitution for subheadings Nos. 84.06.40, 84.06.60 and 84.06.70 of the following:			
„84.06.35 Spoorweglokomotiefenjins (uitgesonderd onderdele daarvan):				“84.06.35 Railway locomotive engines (excluding parts thereof):			
.10 Kompressie-ontstekingsenjins soos omskryf in Opmerking 10 by hierdie Afdeling	getal	30%	25% (V.K.)	.10 Compression ignition engines as defined in Note 10 to this Section	no.	30%	25% (U.K.)
.90 Ander	getal	5%	vry (V.K.)	.90 Other	no.	5%	free (U.K.)
84.06.45 Kompressie-ontstekingsenjins (uitgesonderd onderdele daarvan) nie elders vermeld of ingesluit nie:				84.06.45 Compression ignition engines (excluding parts thereof) not elsewhere specified or included:			
.10 Soos omskryf in Opmerking 10 by hierdie Afdeling	getal	25%		.10 As defined in Note 10 to this Section	no.	25%	
.20 Ander, uitkenbaar as vir gebruik slegs of hoofsaaklik met trekkers (uitgesonderd padtrekkers of padrollers	getal	vry		.20 Other, identifiable for use solely or principally with tractors (excluding road tractors) or road rollers	no.	free	

.30 Ander, synde vaste enjins	getal	vry		.30 Other, being stationary engines	no.	free
.40 Ander, uitkenbaar as vir gebruik slegs of hoofsaaklik met motorvoertuie (uitgesonderd trekkers wat nie padtrekkers is nie)	getal	20%		.40 Other, identifiable for use solely or principally with motor vehicles (excluding tractors other than road tractors)	no.	20%
.90 Ander	getal	20%		.90 Other	no.	20%
84.06.50 Vonkontstekingsenjins (uitgesonderd onderdele daarvan) nie elders vermeld of ingesluit nie:				84.06.50 Spark ignition engines (excluding parts thereof) not elsewhere specified or included:		
.10 Uitkenbaar as vir gebruik slegs of hoofsaaklik met trekkers (uitgesonderd padtrekkers) of padrollers	getal	vry		.10 Identifiable for use solely or principally with tractors (excluding road tractors) or road rollers	no.	free
.20 Vaste enjins	getal	vry		.20 Stationary engines	no.	free
.30 Uitkenbaar as vir gebruik slegs of hoofsaaklik met motorvoertuie (uitgesonderd trekkers wat nie padtrekkers is nie)	getal	20%		.30 Identifiable for use solely or principally with motor vehicles (excluding tractors other than road tractors)	no.	20%
.90 Ander	getal	20%"		.90 Other	no.	20%"
Deur subposte Nos. 84.06.85 en 84.06.90 deur die volgende te vervang:				By the substitution for subheadings Nos. 84.06.85 and 84.06.90 of the following:		
„84.06.83 Onderdele van motorvoertuigenjins (uitgesonderd onderdele vir enjins vir motorfietse en trekkers wat nie padtrekkers is nie):				“84.06.83 Parts of motor vehicle engines (excluding parts of engines for motor cycles and tractors other than road tractors):		
.10 Ongemasjineerd van gegote metaal	getal	10%		.10 Unmachined of cast metal	no.	10%
.20 Suiers en suierringe, gemasjineerd	getal	20%		.20 Pistons and piston rings, machined	no.	20%
.90 Ander	getal	20%"		.90 Other	no.	20%"
Deur subpos No. 84.06.99 te skrap.				By the deletion of subheading No. 84.06.99.		
84.10 Deur subpos No. 84.10.90 deur die volgende te vervang:				84.10 By the substitution for subheading No. 84.10.90 of the following:		
„84.10.90 Ander pompe (uitgesonderd dié vir die brou van bier) ingevoer met of wat kompressie-ontstekingsenjins soos omskryf in	getal	26000c elk met n maksimum van 15%"		“84.10.90 Other pumps (excluding those for the brewing of beer) imported with or incorporating compression ignition	no.	26000c each with a maximum of 15%"

Opmerking 10 by hierdie Afdeling inkorporeer				engines as defined in Note 10 to this Section			
84.22 Deur subpos No. 84.22.40.10 deur die volgende te vervang:				84.22 By the substitution for subheading No. 84.22.40.10 of the following:			
„10 Hyskrane ingevoer met of wat kompressie-ontstekingsenjins soos omskryf in Opmerking 10 by hierdie Afdeling inkorporeer	getal	26000c elk plus 7% met 'n maksimum van 10%”		„10 Cranes imported with or incorporating compression ignition engines as defined in Note 10 to this Section	no.	26000c each plus 7% with a maximum of 10%”	
85.01 Deur subpos No. 85.01.10.10 deur die volgende te vervang:				85.01 By the substitution for subheading No. 85.01.10.10 of the following:			
„10 Ingevoer met of wat kompressie-ontstekingsenjins soos omskryf in Opmerking 10 by hierdie Afdeling inkorporeer	getal	26000c elk plus 5% met 'n maksimum van 20%	26000c elk met 'n maksimum van 15% (V.K.)”	„10 Imported with or incorporating compression ignition engines as defined in Note 10 to this Section	no.	26000c each plus 5% with a maximum of 20%	26000c each with a maximum of 15% (U.K.)”
Afdeling XVII Deur Opmerking 7 van Afdeling XVII deur die volgende te vervang:				Section XVII By the substitution for Note 7 to Section XVII of the following:			
„7. Die uitdrukking „kubieke verplasing” in hierdie Afdeling beteken die produk verkry deur die vermenigvuldiging van die dwarsdeursnee-oppervlakte van die silinderboor met die maksimum lengte van die suierslag en met die getal silinders.				„7. The expression “cubic displacement” in this Section means the product obtained by multiplying the cross-sectional area of the cylinder bore by the maximum length of the piston stroke and by the number of cylinders.			
8. 'n Verwysing in hierdie Afdeling na „kompressie-ontstekingsenjins soos omskryf in Opmerking 8 by hierdie Afdeling” word geag binnebrandkompressie-ontstekingsenjins te wees wat aan een van die volgende beskrywings beantwoord:				8. A reference in this Section to “compression ignition engines as defined in Note 8 to this Section” shall be taken to mean internal combustion compression ignition engines answering to one of the following descriptions:			
(a) Vierslag, sonder aanjaer, met 'n kubieke verplasing van minstens 5250 cm ³ maar hoogstens 7750 cm ³ ;				(a) Four-stroke, normally aspirated, with a cubic displacement of 5250 cm ³ or more but not exceeding 7750 cm ³ ;			
(b) Vierslag, met aanjaer, met 'n kubieke verplasing van minstens 4600 cm ³ maar hoogstens 6750 cm ³ ;				(b) Four-stroke, not normally aspirated, with a cubic displacement of 4600 cm ³ or more but not exceeding 6750 cm ³ ;			

<p>(c) Tweeslag, sonder aanjaer, met 'n kubieke verplasing van minstens 3250 cm³ maar hoogstens 4750 cm³; of</p> <p>(d) Tweeslag, met aanjaer, met 'n kubieke verplasing van minstens 2700 cm³ maar hoogstens 4100 cm³."</p>				<p>(c) Two-stroke, normally aspirated, with a cubic displacement of 3250 cm³ or more but not exceeding 4750 cm³; or</p> <p>(d) Two-stroke, not normally aspirated, with a cubic displacement of 2700 cm³ or more but not exceeding 4100 cm³."</p>			
<p>87.01 Deur subpos No. 87.01.20.10 deur die volgende te vervang:</p>				<p>87.01 By the substitution for subheading No. 87.01.20.10 of the following:</p>			
<p>„10 Ingevoer met of wat kompressie-ontstekingsenjins soos omskryf in Opmerking 8 by hierdie Afdeling inkorporeer</p>	<p>getal 26000c elk met 'n maksimum van 5%"</p>			<p>„10 Imported with or incorporating compression ignition engines as defined in Note 8 to this Section</p>	<p>no.</p>	<p>26000c each with a maximum of 5%"</p>	
<p>Deur subpos No. 87.01.40.10 deur die volgende te vervang:</p>				<p>By the substitution for subheading No. 87.01.40.10 of the following:</p>			
<p>„10 Ingevoer met of wat kompressie-ontstekingsenjins soos omskryf in Opmerking 8 by hierdie Afdeling inkorporeer</p>	<p>getal 25%</p>		<p>20% (V.K.; Ierland)"</p>	<p>„10 Imported with or incorporating compression ignition engines as defined in Note 8 to this Section</p>	<p>no.</p>	<p>25%</p>	<p>20% (U.K.; Ireland)"</p>
<p>87.02 Deur subpos No. 87.02.25.10 deur die volgende te vervang:</p>				<p>87.02 By the substitution for subheading No. 87.02.25.10 of the following:</p>			
<p>„10 Ingevoer met of wat kompressie-ontstekingsenjins soos omskryf in Opmerking 8 by hierdie Afdeling inkorporeer</p>	<p>getal 25%"</p>			<p>„10 Imported with or incorporating compression ignition engines as defined in Note 8 to this Section</p>	<p>no.</p>	<p>25%"</p>	
<p>Deur die opskrif van subpos No. 87.02.30 deur die volgende te vervang:</p>				<p>By the substitution for the heading of subheading No. 87.02.30 of the following:</p>			
<p>„Omnibusse en ander publieke dienstipe passasiersvoertuie, ingevoer met of wat kompressie-ontstekingsenjins soos omskryf in Opmerking 8 by hierdie Afdeling inkorporeer:"</p>				<p>„Omnibuses and other public-service type passenger vehicles, imported with or incorporating compression ignition engines as defined in Note 8 to this Section:"</p>			
<p>87.04 Deur subpos No. 87.04.20 deur die volgende te vervang:</p>				<p>87.04 By the substitution for subheading No. 87.04.20 of the following:</p>			
<p>„87.04.20 Ander chassis ingevoer met of wat kompressieontstekingsenjins soos omskryf in Opmerking 8 by hierdie Afdeling inkorporeer</p>	<p>getal 25%"</p>			<p>„87.04.20 Other chassis imported with or incorporating compression ignition engines as defined in Note 8 to this Section</p>	<p>no.</p>	<p>25%"</p>	

87.07 Deur subpos No. 87.07.10.10 deur die volgende te vervang:				87.07 By the substitution for subheading No. 87.07.10.10 of the following:			
„10 Ingevoer met of wat kompressie-ontstekings enjins soos omskryf in Opmerking 8 by hierdie Afdeling inkorporeer	getal	17% plus 26000c elk	10% plus 26000c elk (V.K.; Kanada)	„10 Imported with or incorporating compression ignition engines as defined in Note 8 to this Section	no.	17% plus 26000c each	10% plus 26000c each (U.K.; Canada)

OPMERKING — Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om —

- die subposte van tariefpos No. 84.06 te herrangskik;
- die voersienings vir binnebrandkompressie-ontstekingsenjins en vir sekere masjinerie of voertuie wat sulke enjins inkorporeer te wysig in die mate aangetoon, en
- terugwerkende krag te verleen aan die betrokke wysigings in die mate in paragraaf (2) van die aanhef van hierdie kennisgewing aangetoon.

NOTE — The effect of this notice is to —

- re-arrange the subheadings of tariff heading No. 84.06;
- amend the provisions for internal combustion compression ignition engines and for certain machines or vehicles incorporating such engines to the extent indicated, and
- provide for retrospective effect of the relative amendments to the extent indicated in paragraph (2) of the preamble to this notice.

No. R. 1402 (Republiek).] [28 Augustus 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/235).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
306.10	Deur na tariefpos No. 29.23 die volgende in te voeg:	
„34.02	Klapperdiëtanolamied, natriumlourieletersulfaat en triëtanolamienlourielsulfaat, vir die vervaardiging van brandblusskuim	Volle reg
313.09	Deur na item 313.08 die volgende in te voeg:	
„313.09	Nywerheid: Bewerkte mika en artikels van mika	
25.26	Mika, met inbegrip van splitsings, en mika-afval, vir die vervaardiging van elektriese isoleerprodukte	Volle reg

No. R. 1402 (Republic).] [28 August 1970

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/235).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
306.10	By the insertion after tariff heading No. 29.23 of the following:	
„34.02	Coconut deithanolamide, sodium lauryl ether sulphate and triethanolamine lauryl sulphate, for the manufacture of fire-extinguishing foam	Full duty
313.09	By the insertion after item 313.08 of the following:	
„313.09	Industry: Worked mica and articles of mica	
25.26	Mica, including splittings, and mica waste, for the manufacture of electric insulating products	Full duty

39.01 Poli-esterfilm, vir die vervaardiging van elektriese isoleerprodukte	Volle reg	39.01 Polyester film, for the manufacture of electric insulating products	Full duty
48.01 Kraftpapier, met 'n basisgewig per vk. m. van hoogstens 25 grm., in rolle of in velle, vir die vervaardiging van elektriese isoleerprodukte	Volle reg	48.01 Kraft paper, with a basic weight per sq. m. not exceeding 25 grm., in rolls or in sheets, for the manufacture of electric insulating products	Full duty
68.15 Hersaamgestelde mika, in rolle of in velle, vir die vervaardiging van elektriese isoleerprodukte	Volle reg	68.15 Reconstituted mica, in rolls or in sheets, for the manufacture of electric insulating products	Full duty
70.20 Weefstowwe van glasvesel, met 'n dikte van hoogstens 0.15 mm. vir die vervaardiging van elektriese isoleerprodukte	Volle reg''	70.20 Woven fabrics of glass fibre, of a thickness not exceeding 0.15 mm., for the manufacture of electric insulating products	Full duty''

OPMERKINGS —

- (1) Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op klapperdiëtanolamied, natriumlourieletesulfaat en triëtanolamienlouriesulfaat, vir die vervaardiging van brandblusskuim.
- (2) Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op sekere grondstowwe vir die vervaardiging van elektriese isoleerprodukte.

NOTES —

- (1) Provision is made for a rebate of the full duty on coconut diethanolamide, sodium lauryl ether sulphate and triethanolamine lauryl sulphate, for the manufacture of fire-extinguishing foam.
- (2) Provision is made for a rebate of the full duty on certain raw materials for the manufacture of electric insulating products.

No. R. 1403 (Republiek).]

[28 Augustus 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/236).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 —

- (1) wysig hierby Bylae No. 3 by genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon, en
